higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2

20 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Waar✓
1.1.2 Onwaar✓
1.1.3 Waar✓
1.1.4 Waar✓
1.1.5 Onwaar✓

(5 × 1) (5)

1.2 1.2.1 Vervoerbedryf − die bestuur van talle elemente wat tot die suksesvolle vervoer van stelsels van een punt na die volgende bydra.

1.2.2 Vlootbestuur – ’n funksie wat maatskappye wat op vervoer vir hul ondernemings staatmaak, in staat stel om die risiko’s wat met voertuig-investering gepaard gaan te verwyder of minimaliseer, doeltreffendheid en produktiwiteit te verbeter en hul algehele vervoer- en personeelkoste te verlaag, terwyl hulle staatswetgewing volkome nakom.

1.2.3 Uitkontraktering – om ’n sakeproses aan ’n derde party uit te kontrakteer/oor te laat.

1.2.4 Gevaarhoudende goedere − goedere wat deur wetgewing of ’n owerheid as gevaarlik beskou en verklaar word.

1.2.5 Vervoerdienste − die vervoer van goedere per pad, insluitend die hantering, berging, oplaai en aflaai van goedere.

(5 × 2) (10)

1.3 1.3.1 Sake-etiek
1.3.2 Vervoersektor
1.3.3 Vakbond
1.3.4 Maritieme
1.3.5 Dienslewering

(5 × 1) (5)

1.4 1.4.1 C
1.4.2 E
1.4.3 G
1.4.4 A
1.4.5 D

(5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2


2.1
- Dit moedig nakoming van die nasionale, provinsiale en munisipale verordeninge aan wat met padvervoer verband hou en bevorder padverkeersveiligheid.
- Dit moedig betaling van boetes aan wat vir oortredings opgelê word deur afslag te gee en diegene wat mindere oortredings begaan, aan te moedig om vertoë te rig.
- Dit vestig prosedure vir die effektiewe en vinnige beregting van oortredings.
- Dit verlig die las op die howe om oortreders vir skending te vervolg.
- Dit penaliseer bestuurders en operateurs wat skuldig is aan skending of oortredings deur strafpunte op te lê wat tot die opskorting of kansellasie van bestuurderslisensies en professionele bestuurspermitte (PrDP's) of operateurskaarte kan lei.
- Beloon wetsgehoorsame gedrag deur strafpunte wat toegeken is, te verminder, as oortredings of skendings nie in gespesifiseerde periodes gepleeg word nie. (Enige 3 × 2) (6)

2.2
- Verseker die veiligheid van jouself en andere.
- Voorkom enige moontlike ontsteking (vonk) in die geval van 'n storting.
- Indien dit veilig is, diskonnekteer alle laai-arms en maak koepeldeksels toe.
- Stel dadelik die toepaslike owerhede in kennis, soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens, brandweerafdeling en ambulansdienste.
- Bedwing die lek of brand, maar slegs as dit veilig is om dit te doen.
- Beveilig die area as die owerhede nog nie by die toneel opgedaag het nie.
- Bly op die toneel om die eerste respondente te help.
- Lig die owerhede in oor die reaksie wat van jou werkgewer verwag word.
- Doen verslag oor die insident aan jou werkgewer. (8)

2.3
- Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 (NPVW)
- Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe 46 van 1998 (AARTO-wet)
- Oorgangswet op Nasionale Vervoer oor Land 22 van 2000 (NLTT-wet)
- Wet op Oorgrenspadvervoer 4 van 1998 ('CBRT')
- Nasionale Landvervoerwet 5 VAN 2009
- Strafproseswet 51 van 1977
- Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993 (BGV-wet)
- Wet op Springstowwe 15 van 2003 (Enige 4 × 1) (4)

2.4 **Vervoer as 'n onderneming** dit word beskou as 'n sekondêre bedryf, met ander woorde dit help handel en nywerheid om grondstowwe na die plek van vervaardiging te neem en klaarprodukte vir gebruik te voorsien.✓✓
terwyl ✓
Vervoer as 'n sektor – dit beskryf die versameling sake- en alle ander belanghebbers. Met ander woorde, al die verskillende vervoerondernemings tesame maak die vervoersakesektor uit. (5)

2.5 Teken ’n diagram om die tipiese komponente/afdelings aan te dui wat tot die sukses van ’n vervoeronderneming bydra.



EEN punt vir die illustrasie (10)
[33]

VRAAG 3

3.1.1 3.1.1
- Land
- Water
- Lug (3 × 1) (3)

3.1.2
- spoor/pad/trein/vragmotor
- skip/boot
- vliegtuig✓

(3 × 1) (3)

3.1.3 Ek gebruik ’n bus/motorvoertuig/taxi/trein/fiets omdat dit maklik/ toeganklik/kostedoeltreffend/gerieflik is. (3)

3.1.4
- motorvoertuig − ongelukke, duur, ens
- taxi – staking, swak bestuursvermoë, hoë taxitariewe, ens
- trein – kabeldiefstal, beurtkrag, misdaad, ens
- bus −nie betroubaar nie, stakings, veiligheid, ens

(Enige 2 × 1) (2)

3.2 **Bestuurderbeheer** beteken die instandhouding van registers/rekords van professionele bestuurders. Bestuurderbeheer verskil wat die verskillende vervoermodusse betref en word voorgeskryf deur die wetgewing wat op elke modus van toepassing is. Byvoorbeeld, die vereistes, kwalifikasies, opleiding, onderrig en wetgewing wat treindrywers, taxibestuurders, vlootkapteins, vlieëniers, ens reël, is almal verskillend. (4)

3.3
- Dit kan beplan word om by bedryfsvereistes aan te pas en derhalwe so min moontlik ontwrigting te veroorsaak.
- Dit verseker dat instandhouding uitgevoer sal word wanneer dit nodig is.
- Dit verseker dat instandhouding op voorafbepaalde tye plaasvind om die gebruik van instandhoudingsfasiliteite en die werklas van personeel uit te balanseer.
- Dit maak voorsiening vir ’n realistiese skatting vooraf van die tyd wat vir instandhouding benodig sal word.
- Dit verlaag die waarskynlikheid van indiens-onklaarraking van komponente deur te antisipeer dat hulle binne ’n voorsienbare tyd onklaar sal raak.
- Dit verminder noodherstelwerk, wat tot beter kostebeheer lei. (4 × 2) (8)

[23]

VRAAG 4

4.1 **Roetine-instandhouding** − word gewoonlik op grond van tyd✓ of reisafstand✓ geskeduleer. Byvoorbeeld, as ’n voertuig nie baie gebruik is nie en minder as ’n bepaalde aantal kilometer sedert sy laaste versiening afgelê het, maar meer as ses maande sedert die laaste olievervanging verloop het, behoort ’n olievervanging steeds plaas te vind.✓

Terwyl ✓

Nieroetine-instandhouding − behels hoofsaaklik slytasie✓ wat tot onklaarraking kan lei.✓ Bande en remme word as slytasie-items beskou en maak nie deel van roetine-instandhoudingsdienste uit nie. Wanneer ’n voertuig egter vir ’n roetine-instandhouding gebring word, is die bande en remme belangrike veiligheidsitems wat ook nagegaan en vervang moet word,✓ indien nodig. (7)

4.2 **Bemarking** verwys na alles wat ’n onderneming doen om voornemende kliënte te oorreed om produkte en dienste te koop.✓ Bemarking sluit in die koördinering van tydraamwerke met dié van kliënte✓ om gemeenskaplike doelstellings en doelwitte te bepaal✓ en ’n geslotelus-verslagdoeningsproses te skep.✓ Dit behels ook om respek en vertroue✓ te kweek deur ’n gemeenskaplike stel waardes te deel. ✓ (Enige 3 × 1) (3)

4.3
- Verbeterde identifikasieverifikasie vir gekontrakteerde personeel
- Omvattende agtergrondkeuring van personeel
- Wedersydse bystandplanne tussen vervoerondernemings
- Hersiening en bywerking van noodplanne op ’n jaarlikse basis
- Toetsing en bevestiging dat alle kommunikasienetwerke funksioneel is

(Enige 3 × 2) (6)

4.4
- Insidente waar werkers gly, struikel, val
- Deurgange
- Vurkhysers
- Hanglaste; vragte wat te swaar is
- Trappe
- Beskadigde/stukkende rakke
- Beskadigde/stukkende palette

(Enige 3 × 1) (3)
[19]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou